finding Life in the desert

# Van die woestyn na Jerusalem

**Markus 1:1-11**

## Die Weg

Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak – die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit. Markus 1:2-3

## Jerusalem

Geloofd sy die HERE uit Sion, Hy wat in Jerusalem woon! Halleluja! Psalm 135:21 / En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. Jesaja 2:2-3

## Konfrontasie

Ag, HERE, gee tog heil; ag, HERE, gee tog voorspoed! Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE! Ons seën julle uit die huis van die HERE. Dan is dit duidelik vir Markus en die ander skrywers wat gebeur: Die Skrif word vervul: ... Psalm 118:25-27 / Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde. Sagaría 9:9-10 / En Hy het in Kapérnaüm gekom; en toe Hy in die huis was, vra Hy hulle: Wat het julle op die pad met mekaar geredeneer? Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is. Markus 9:33-34 / Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Markus 10:42-45



## *Reflection*

**Ek word 'n dader van die Woord deur ...**